

Amos 2

1 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Moab, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het. 2 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in Moab, en dit sal die paleise van Kérijot verteer; en Moab sal met oorlogsrumoer sterwe, met krygsgeskreeu en basuingeskal. 3 En Ek sal die regeerder onder hulle uitroei en al hulle vorste saam met hom doodmaak, sê die HERE.

4 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Juda, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle die wet van die HERE verwerp het en sy insettinge nie onderhou het nie; en hulle leuengode het hulle verlei waar hulle vaders agter aan geloop het. 5 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in Juda, en dit sal die paleise van Jerusalem verteer.

6 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Israel, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle die regverdige vir geld verkoop het en die behoeftige vir 'n paar skoene. 7 Hulle wat daarna hyg dat die stof van die aarde op die hoof van die armes kom, en wat die weg van die ellendiges buig; en die man en sy vader gaan na dieselfde jongedogter om my heilige Naam te ontheilig. 8 En hulle strek hul uit op verpande klere by elke altaar, en die wyn van die wat beboet is, drink hulle in die huis van hul god.

9 En tog het Ek die Amoriet voor hulle uit verdelg wie se hoogte was soos die hoogte van die seders, en hy was sterk soos die eikebome; maar Ek het sy vrug daarbo en sy wortels daaronder verdelg. 10 Ook het Ek julle uit Egipteland laat optrek en julle veertig jaar lank in die woestyn gelei, om die land van die Amoriet in besit te neem. 11 En Ek het uit julle seuns profete en uit julle jongelinge nasireërs verwek. Is dit nie so nie, o kinders van Israel? spreek die HERE.

12 Maar julle het die nasireërs wyn laat drink en aan die profete bevel gegee en gesê: Julle mag nie profeteer nie! 13 Kyk, Ek laat dit onder julle kraak, soos 'n wa kraak wat vol gerwe is; 14 sodat die wat gou is, nie kan ontvlug nie, en die sterke sy krag nie kan ontwikkel en die held sy lewe nie kan red nie. 15 En die boogskutter sal nie bly staan en die wat gou is op sy voete, nie vrykom nie, en die perderuiter sal sy lewe nie red nie. 16 En die dapperste onder die helde sal op dié dag naak wegvlug, spreek die HERE.

'n Samestelling van Amos 2

1:3-6:14 *Profesieë*

1:3-2:16	<i>Profesieë teen die nasies</i>
2:1-3	Teen Moab
2:4-5	Teen Juda
2:6-16	Teen Israel

Amos 2:1-3 – Profesie teen Moab

1 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Moab, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het. 2 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in Moab, en dit sal die paleise van Kérijot verteer; en Moab sal met oorlogsrumoer sterwe, met krygsgeskreeu en basuingeskal. 3 En Ek sal die regeerder onder hulle uitroei en al hulle vorste saam met hom doodmaak, sê die HERE.

Moab is die nageslag van Lot se seun Moab wat hy in sy dronkenskap by sy oudste dogter verwek het (Gen 19:33-38). Die Moabiete het oos van die noordelike oewer van die Dooie See gewoon. In die dae van die rigters het Rut – 'n Moabitiese meisie – die skoondogter van Elimeleg en Naomi geword. Later is Rut as weduwee met Boas getroud en uit hulle nageslag is Dawid gebore.

Die oortreding wat die Moabiete se beker laat oorloop het is, **omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het**. Die Moabiete se sonde was nie teen die verbondsvolk van die Here nie, maar teen Edom – 'n ander vyand van die verbondsvolk.

Die besondere gebeurtenis – waar die Moabiete die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het, word nêrens anders in die Skrif genoem nie. Daarmee word daar nie gesê dat so iets nie gebeur het nie. Die Moabiete het die geaardheid gehad om lyke op 'n oneervolle manier te hanteer (vgl. 2 Kon 3:26-27). Met die verbranding van die koning se beendere wou hulle hom totaal vernietig in wraaksug. In die Nabye Ooste was dit 'n veragtelike misdaad waar elke persoon uitgesien het na 'n eervolle begrafnis. So 'n handeling met 'n lyk toon dat daar van die Moabiete se kant af geen respek vir lewe en God se handewerk is nie.

Tot kalk verbrand sê dat daar 'n totale vernietiging plaasvind. Daar bly niks

noemenswaardig oor nie (vgl. Jes 33:12; 2 Kon 23:16).

Uit hierdie oordeel wat die Here oor Moab uitspreek, word dit duidelik dat die Here se wette nie net geld vir die verbondsvolk nie, maar vir alle volke. Die feit dat 'n volk nie die Here ken en dien nie, vrywaar hulle nie van die Here se oordeel wanneer dit kom by die oortreding van sy gebooe nie. Menslik gesproke kon Moab hulle optrede regverdig deur te sê dat dit ten gunste van die verbondsvolk is. Maar geen sonde het enige regverdiging nie, maak nie saak hoe dit ook al deur die Here self tot uitvoering van sy besluite gebruik word nie. Die Jode was nie onskuldig omdat hulle Jesus gekruisig het soos wat die Vader dit bestem het nie. Hulle het wel volgens die Raad van God gehandel, maar steeds teen sy wil.

Die oordeel waarmee die Here Moab sal tref, begin met 'n **vuur** wat Hy **in Moab sal slinger en dit sal die paleise van Kérijot verteer**. Kerijot was een van die vernaamste stede van Moab (Jer 48:24). Hierdie stad kan waarskynlik vereenselwig word met met Kir-Moab (Jes 15:1).

Die vuur wat die Here in Moab sal slinger word nader beskryf met die volgende woorde: **Moab sal met oorlogsrumoer sterwe, met krygsgeskreeu en basuingeskal**. Deur oorlog sal die Here die Moabiete uitroei. Die burgers sowel as die regeerders en vorste van die land sal uitgeroei word.

Kort na 598vC het Nebukadnesar die Moabiete oorwin. Hierdie oorwinning het dit vir die Arabiese volke moontlik gemaak om die land van Moab te beset.¹

Amos 2:4-5 – Profesie teen Juda

4 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Juda, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle die wet van die HERE verwerp het en sy insettinge nie onderhou het nie; en hulle leuengode het hulle verlei waar hulle vaders agter aan geloop het. 5 Daarom sal Ek 'n vuur slinger in Juda, en dit sal die paleise van Jerusalem verteer.

¹ Josefus, Joodse Oudhede 10.9.7

Juda het die naaste verbintenis met Israel gehad. Juda bestaan uit die stamme Juda en Benjamin nadat die land in twee geskeur het in die dae toe Rehabeam seun van Salomo koning was in Jerusalem. Die noordelike deel van die land met Samaria as hoofstad het as Israel bekend gestaan. Die Here het die skeuring van die ryk al in die dae van Salomo aangekondig (1 Kon 11:9-40), maar ter wille van Dawid het die Here die skeuring weerhou tot na die dood van Salomo.

Die oortredinge waarvoor Juda in die gerig staan, het hoofsaaklik met hulle verhouding met die Here te doen. Al die ander volke se oortredinge wat tot dusver genoem is het indirek met die Here te doen en direk met ander mense te doen. Die sonde wat Juda se beker laat oorloop het, is **omdat hulle die wet van die HERE verwerp het en sy insettinge nie onderhou het nie; en hulle leuengode het hulle verlei waar hulle vaders agter aan geloop het.**

Alhoewel Juda die volk van die Here is, het hulle in hulle lewe nie anders gelyk en gedoen as wat die goddelose volke rondom hulle gedoen het nie. Net soos die heidense volke het Juda ook die een sonde op die ander sonde begaan. Al het Juda al hierdie voorregte gehad om deel van die volk van die Here te wees, was hulle in hulle opstand en sondigheid gelyk aan enige ander heidense volk.

Juda het die voorreg gehad om die Here se wil te ken, soos wat Hy dit in die wet aan hulle geopenbaar het. Maar in plaas daarvan om die wet te gehoorsaam en te onderhou – daarvolgens te lewe – het hulle die wet van die Here verwerp. Hulle het hulle doodeenvoudig nie aan die wet van die Here gesteur nie en gemaak net soos wat hulle wil.

Die woord wat vertaal is met *leuengode* kan ook vertaal word met *leuens*. Daar is nie werklik iets soos afgode nie. Afgode is die versinsels van die mens se sondige verstand. Dus, indien 'n mens afgode dien, dien jy in werklikheid jou eie leuens. Wanneer 'n mens die wet van die Here en dus ook die Here verwerp, kan die mens nie anders nie as om sy eie leuens aan te gryp. En dit is nie net die Judeërs in Amos se tyd wat so agter leuens aan verlei is nie. Hulle voorgeslagte het reeds agter die leuens aan geloop (Eks 32; Num 25; 1 Kon 19).

Die oordeel waarmee die Here Juda gaan tref, is dieselfde as waarmee Hy al die ander heidense volke gaan tref. Dit begin met 'n **vuur** wat die Here **in Juda sal slinger, en dit sal die paleise van Jerusalem verteer**. Die ondergang van Juda en Jerusalem sal ook met oorlog gepaard gaan, soos wat die ander volke hulle ondergang tegemoet gegaan het.

Amos 2:6-16 – Die Profesie teen Israel

6 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Israel, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle die regverdige vir geld verkoop het en die behoeftige vir 'n paar skoene. 7 Hulle wat daarna hyg dat die stof van die aarde op die hoof van die armes kom, en wat die weg van die ellendiges buig; en die man en sy vader gaan na dieselfde jongedogter om my heilige Naam te ontheilig. 8 En hulle strek hul uit op verpande klere by elke altaar, en die wyn van die wat beboet is, drink hulle in die huis van hul god.

9 En tog het Ék die Amoriet voor hulle uit verdelg wie se hoogte was soos die hoogte van die seders, en hy was sterk soos die eikebome; maar Ek het sy vrug daarbo en sy wortels daaronder verdelg. 10 Ook het Ek julle uit Egipteland laat optrek en julle veertig jaar lank in die woestyn gelei, om die land van die Amoriet in besit te neem. 11 En Ek het uit julle seuns profete en uit julle jongelinge nasireërs verwek. Is dit nie so nie, o kinders van Israel? spreek die HERE.

12 Maar julle het die nasireërs wyn laat drink en aan die profete bevel gegee en gesê: Julle mag nie profeteer nie! 13 Kyk, Ek laat dit onder julle kraak, soos 'n wa kraak wat vol gerwe is; 14 sodat die wat gou is, nie kan ontvlug nie, en die sterke sy krag nie kan ontwikkel en die held sy lewe nie kan red nie. 15 En die boogskutter sal nie bly staan en die wat gou is op sy voete, nie vrykom nie, en die perderuiter sal sy lewe nie red nie. 16 En die dapperste onder die helde sal op dié dag naak wegvlug, spreek die HERE.

Hierdie profesie teen Israel verdeel in vier dele. Daar word aan Israel gesê wat hulle sondes in die onlangse verlede is (Amos 2:6-8); die Here herinner hulle aan die genade wat Hy in die verlede aan hulle bewys het (Amos 2:9-11); Israel se reaksie op hierdie genade van die Here word bloot gelê (Amos 2:12); en die Here kondig die strafgerig oor Israel aan (Amos 2:13-16).

Amos 2:6-8 – Israel se onlangse sondes

6 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Israel, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle die regverdige vir geld verkoop het en die behoeftige vir 'n paar skoene. 7 Hulle wat daarna hyg dat die stof van die aarde op die hoof van die armes kom, en wat die weg van die ellendiges buig; en die man en sy vader gaan na dieselfde jongedogter om my heilige Naam te ontheilig. 8 En hulle strek hul uit op verpande klere by elke altaar, en die wyn van die wat beboet is, drink hulle in die huis van hul god.

Die tou is nou styf getrek om Israel se eie nek. Hulle kom staan nou in die gerig voor die regterstoel van die Here. Anders as by die uitsprake oor die ander volke waar die Here telkens net een sonde van daardie volk noem, word hier by Israel sewe sondes genoem. In vers 6 tot 8 word vyf sondes genoem en in vers 12 die sesde en sewende sonde. Sewe is dan ook die getal van volheid. Israel se beker loop behoorlik oor, daarom kan daar nie meer uitstel gegee word nie.

Die sondes waaraan Israel hom skuldig gemaak het, begin met die onreg wat aan **die regverdiges** en **die behoeftiges** gedoen is. **Die regverdiges** is die mense wat in die oë van die Here getrou bly aan die Here en sy voorskrifte. En **die behoeftiges** is die arm mense in die land. Die regverdiges en behoeftiges is uitgebuit ter wille van die materiële voordeel wat sommige burgers – die rykes en aansienlikes – daaruit kon kry.

Die regverdige is vir geld verkoop. Hulle het mense in slawerny verkoop vir die bedrag geld wat hulle geskuld het (vgl. 2 Kon 4:1-7). Indien die regverdige genoegsame tyd gegee is, sou hy seker sy skuld kon betaal, maar as gevolg van die gierigheid van mense is hulle sommer daar en dan as slawe verkoop. Die armes is sommer vir die prys van 'n paar skoene verkoop. Daar was geen meegevoel en jammerte by die rykes vir hulle wat in nood verkeer het nie.

Hierdie onreg kan ook verstaan word as omkoperij van die regters. Soms het die regters vir 'n som geld die uitspraak in die guns van die sogenaamde skuldeiser laat val. Ander kere het hulle vir so min as 'n paar skoene die reg verkrag ter wille van die vermoënde en aansienlike burgers in die land.

Die Here het uitdruklike voorskrifte gegee oor die optrede van Israel teenoor die arm broers in die land (Deut 15:7-11). Maar wanneer die sonde die pas aangee vir die verloop van die samelewing verloor selfs die mens se lewe alle waarde – dit word so min werd soos die prys van 'n paar skoene.

Die uitbuiting soos in vers 6 genoem, was nie genoeg vir die aansienlikes en rykes nie. **Hulle hyg daarna dat die stof van die aarde op die hoof van die armes kom.** Hulle put eers vreugde daaruit as die armes in rou is oor wat met hulle gebeur het. Die woord wat ons vertaal met *hyg* dra die gedagte oor dat die rykes letterlik alles in hulle vermoë sal doen om die armes geheel en al te verneder.

Hierdie deel van vers 7 kan ook vertaal word dat die rykes die hoof van die armes in die stof van die aarde vertrap soos wat 'n oorwinnaar doen met die een wat hy oorwin het. Die rykes het dus lekker gekry om die armes uit alles wat hulle gehad het uit te buit en geheel en al te verneder. Hulle sou met hulle onreg nie stop nie voordat hulle dit reggekry het.

Om hierdie onreg uit te voer, moes die rykes die howe en regters aan hulle kant gekry het. Dit sou hulle kon regkry met die omkoperij en die verdraaiing van die reg. En dit is presies wat hulle gedoen het. Hulle het **die weg van die ellendiges gebuig**. Dit was 'n blantante ignorering en minagting van die Here se voorskrifte in verband met regspraak (Eks 23:2; Deut 16:19).

Israel het nie net in die regspraak die Here geminag nie. Dit het ook nie net vir hulle gegaan oor die materiële voordele wat hulle deur hulle onreg verkry het nie. Ook op seksuele gebied het hulle die voorskrifte van die Here geïgnoreer. **Die man en sy vader gaan na dieselfde jongedogter om my heilige Naam te ontheilig.**

Die **jongedogter** van wie hier gepraat word, kan 'n tempelprostituut wees of 'n slawe meisie wat as byvrou geneem is. Hoe dit ook al sy, die man en sy vader het seksuele verhoudings met dieselfde vrou. Die Here het uitgebreide voorskrifte gegee aangaande seksuele verhoudings (Lev 18:6-20; 20:10-21), wat ingesluit het dat 'n man en sy vader nie met dieselfde vrou gemeenskap mag hê nie.

Deur hierdie voorskrif van die Here eenvoudig te ignoreer, het hulle die Naam van die Here ontheilig. By die man en sy vader was daar geen ontsag of eerbied vir die Here nie. En dit wil voorkom, uit die manier waarop die Here dit hier stel, dat die man en sy vader doelbewus daarop uit was om die Naam van die Here te ontheilig.

Israel se onreg het nie perke gehad nie. Hulle het hulle **op verpande klere uitgestrek by elke altaar**. Klere wat in pand geneem is oor skuld, moet aan die eienaar terugbesorg word voor sonder (Eks 22:26-27; Deut 24:10-13). In plaas daarvan om die verpande klere terug te besorg aan die eienaars, het die vername mense van Israel hierdie klere as trofieë gehou en tentoongestel by die feeste van die afgode wat hulle gedien het. Hulle het uitgestrek gelê by die altare van hulle afgode.

Die feit dat Amos oor hierdie verpande klere 'n profesie uitspreek teen Israel beteken dat die een wie se klere so in pand geneem is deur die Here gehoor is (Eks 22:27). Die Here gaan die onreg aan die arm burger regstel, want Hy is die barmhartige God.

Verder het hulle ook die wyn wat as boete betaal is of geld wat as boete betaal is, gegee vir wyn. En die **wyn het hulle gedrink in die huis van hul god**. Die afgodery van Israel het ook geen perke geken nie. Die ryk en vername mense was daarop uit om hulleself te verryk en 'n lewe van onreg te lewe ten koste van die armes in die land.

Amos 2:9-11 – Die Here se genade in die verlede aan Israel

9 En tog het Ék die Amoriet voor hulle uit verdelg wie se hoogte was soos die hoogte van die seders, en hy was sterk soos die eikebome; maar Ek het sy vrug daarbo en sy wortels daaronder verdelg. 10 Ook het Ek julle uit Egipteland laat optrek en julle veertig jaar lank in die woestyn gelei, om die land van die Amoriet in besit te neem. 11 En Ek het uit julle seuns profete en uit julle jongelinge nasireërs verwek. Is dit nie so nie, o kinders van Israel? spreek die HERE.

In hierdie drie verse herinner die Here vir Israel aan al die genade wat Hy in die verlede aan hulle bewys het. Israel se sonde in die onlangse tyd teenoor hierdie genade van die Here teenoor Israel maak die onreg wat hulle pleeg net nog meer verskriklik. Die armes word deur Israel verdruk en uitgebuit, maar die Here het die arme volk Israel met soveel sorg en liefde gelei.

Amoriet is die naam van die volk wat in die Wes-Jordaanse streek gevestig was voordat Israel die beloofde land van die Here ontvang het – dit was in die gebied wat aan Efraim as erfbesit gegee is (Gen 48:22; Jos 10:5; Rig 1:34-35). Die Amoriëte was fisiese groot en sterk mense (Num 13:22-33). Dit was oor hierdie groot en sterk mense dat tien van die twaalf verkenners berig gegee het dat dit onmoontlik is om die land in besit te neem. Net Josua en Kaleb het vertrou dat hulle dit deur die krag van die Here sal regkry (Num 13:26-33).

Die Here beklemtoon dat dit Hy is wat die Amoriëte voor Israel uit verdryf het - **tog het Ék die Amoriet voor hulle uit verdolg wie se hoogte was soos die hoogte van die seders, en hy was sterk soos die eikebome**. Die verowering van die volke in die beloofde land was nie Israel alleen se werk nie. Die Here het die heidense volke in Israel se hand oorgegee, daarom kon Israel hulle verdryf en die land in besit neem.

Wat die Amoriëte betref, die Here het hulle letterlik wortel en tak uitgeroei. Deur die **vrug** van die Amoriet te verdolg, het die Here gesorg dat daar nie 'n nageslag is wat weer as vyand teen Israel kan opstaan nie. Deur die **wortel** te verdolg, het die Here gesorg dat daar uit die oorblyfsel van die Amoriet nie weer 'n nageslag kan kom nie.

Die Here herinner Israel ook aan die verlossing **uit Egipte** wat die Here vir hulle bewerk en dat Hy hulle **vir veertig jaar lank in die woestyn gelei het**. Die Here het inderdaad sy liefde en genade aan Israel bewys omdat Hy Homself aan die verbondsbeloftes hou wat Hy aan Abraham gemaak het (Gen 15:18-21). Israel het niks gedoen sodat die Here verplig sou wees om hulle uit Egipte te verlos en deur die woestyn te lei en te versorg nie. Die land van die Amoriet het hulle net in besit geneem, hulle het nie daarvoor gewerk, sodat die Here dit as vergoeding aan hulle moes gee nie.

Die feit dat die Here die groot en sterk Amoriëte voor sy volk uit verdolg het, moes hulle laat besef dat die Here ook by magte is om Israel uit die land van belofte uit te dryf. Hulle het immers nie reg op die land nie. Die Here het dit uit genade aan hulle geskenk met die voorwaarde dat hulle die Here getrou moet dien ooreenkomstig sy verbondseise. Indien hulle nie die Here so wil dien nie, sal die land hulle uitspoeg soos wat die heidense volke voor Israel uit die land uitgespoeg is (Deut 28).

Die Here het nie vir Israel in die beloofde land ingebring met die doel om hulle maar net weer uit te dryf nie. Hy wil hê dat Israel in die land bly om as 'n getuie van die Here te wees in die land en teenoor die volke rondom. Daarom het die Here **uit hulle seuns profete en uit hulle jongelinge nasireërs verwek.**

Niemand van die profete het self navore gekom om die Woord van die Here aan Israel te verkondig nie. Die Here het elke keer 'n man as profeet opgewek. Die profete moes aan die volk die Woord van die Here bring. Die inhoud van hierdie Woord is die herinnering aan die verbondseise van die Here.

'n Nasireër is 'n man of 'n vrou wat hulle in besonder aan die Here toewy. Die Here gee aan so iemand voorskrifte oor hoe hy moet optree (Num 6:1-21). Die heel eerste voorskrif wat die Here en ook dan een van die belangrikste voorskrifte is dat so iemand geen wyn of bier mag drink vir die tyd van sy nasireërskap nie. Waar die profete met die woord tot Israel gespreek het, het die nasireër deur sy lewenstyl tot Israel gespreek.

Die profete en nasireërs wat die Here in Israel opgewek het, was sy genadegawe aan hulle. Deur hulle het die Here sy volk aangemoedig om naby Hom te bly lewe. Die Here vra dan ook vir Israel of dit nie is wat Hy vir hulle gedoen het nie. Hy sê inderwaarheid vir Israel dat Hy uitsonderlike groot genade aan hulle bewys het deur hulle uit Egipte te verlos en vir veertig jaar te bewaar, deur die Amoriëte uit die land van belofte te verdryf, sodat hulle die land in besit kan neem. En daarmee saam het die Here ook nog besondere mense gegee om die volk aanhoudend aan die Here en sy Woord te herinner.

Amos het hierdie genade wat die Here aan Israel betoon het nie kronologies georden nie. Die fokus val op die middelste genade – die verlossing uit Egipte.

Amos 2:12 – Israel se reaksie op die Here se genade

12 Maar julle het die nasireërs wyn laat drink en aan die profete bevel gegee en gesê: Julle mag nie profeteer nie!

Israel wou egter nie die genade van die Here dankbaar ontvang nie. Hulle wou hulle

nie laat leer deur die nasireërs se lewenstyl om naby die Here te lewe nie. Hulle wou nie die Here se Woord hoor en gehoorsaam soos wat dit deur die profete aan hulle gebring is nie. Daarom het hulle gemaak dat die nasireër sy belofte van toewyding aan die Here verbreek deur vir hom wyn te gee om te drink. Aan die profete het hulle reguit gesê dat hulle nie mag profeteer nie. Amos is self aangesê om nie as profeet op te tree nie (Amos 7:10-17). Israel wil nie die Woord van die Here hoor nie.

In vers 12 is die sesde en sewende sonde van Israel deur Amos in hierdie profesie teen hulle aangedui.

Amos 2:13-16 – Die Here se gevolglike oordeel oor Israel

13 Kyk, Ek laat dit onder julle kraak, soos 'n wa kraak wat vol gerwe is; 14 sodat die wat gou is, nie kan ontvlug nie, en die sterke sy krag nie kan ontwikkel en die held sy lewe nie kan red nie. 15 En die boogskutter sal nie bly staan en die wat gou is op sy voete, nie vrykom nie, en die perderuiter sal sy lewe nie red nie. 16 En die dapperste onder die helde sal op dié dag naak wegvlug, spreek die HERE.

By die oordeelsaankondigings oor al die sewe ander volke het die Here telkens vuur as teken van sy oordeel gebruik. By Israel word die beeld van paniek saai gebruik. Paniek gaan die volk beetpak.

Die oordeel wat die Here oor Israel profeteer – **Ek laat dit onder julle kraak, soos 'n wa kraak wat vol gerwe is** kan ook soos volg vertaal word: *Kyk, Ek laat julle vasval op julle plek, soos 'n wa vasval wat vol gerwe is*. Die woord wat met *kraak* vertaal word, kom net hier in die Bybel voor en die vertaling is onseker.

Die Here gaan sy hand swaar op Israel neerlê (Ps 32:4) oor die sonde wat hulle teen die Here gepleeg het. En die gevolg van die Here se hand wat swaar op hulle druk, is sewevoudig.

Sodat die wat gou is, nie kan ontvlug nie – Die angsk en paniek sal die volk so beetpak dat die vinnige een nie sal kan vlug nie. Die een wat vinnig op sy voete is, sal nie die oordeel wat kom vryspring nie. Die angsk sal hom so oorweldig dat hy letterlik

doodstil bly staan.

Sodat ... die sterke sy krag nie kan ontwikkel – Die sterke sal deur die paniek oorweldig word dat hy nie kans gaan kry om al sy kragte te monster nie. Die oordeel wat die Here oor sy volk gaan bring, sal te vinnig wees.

Sodat ... die held sy lewe nie kan red nie – En hulle onder die volk wat tot nou toe as helde bekend gestaan het teen wie geen vyand 'n kans gehad het nie, sal nie eers sy eie lewe kan red nie. As hy nie eers sy eie lewe kan red nie, sal hy ook niemand anders van die volk kan red nie.

Sodat ... die boogskutter sal nie bly staan – Die boogskutter sal nie op sy pos kan bly staan en die aankomende oordeel van die Here oor Israel stuit nie. Die Here sal die boogskutter op sy pos oorweldig.

Sodat ... die wat gou is op sy voete, nie vrykom nie – Selfs die vinnigste hardlopers onder die volk sal nie kan wegkom van die oordeel nie. Paniek gaan al die spoed en vernuf van hulle af wegneem.

Sodat ... die perderuiter sal sy lewe nie red nie – Nie eers 'n perd sal die nodige spoed en krag verskaf nie. Ook die ruiter en sy perd sal deur paniek en angste oorweldig word.

Sodat ... die dapperste onder die helde sal op dié dag naak wegvlug – En dapper helde op wie die volk so graag pyl getrek het, sal beskaamd wegvlug. Van al hulle heldedade en dapperheid sal daar niks kom nie.

Alles waarop Israel in die verlede op staat gemaak het en wat vir hulle gewerk het, sal op hierdie dag van oordeel niks baat nie. Al hulle krag en wapentuig en vernuf sal op een slag niks beteken nie. Angste en paniek sal al wees wat hulle ken. Hierdie oordeel van die Here oor Israel het in vervulling gegaan toe die Assiriërs Samaria in 722vC tot 'n val gebring het en die grootste meerderheid van die bevolking in ballingskap weggevoer en gedood het.

In al agt hierdie oordeelsaankondigings leer ons het dat die Here ons God soewereine regeermag het oor alle volke op die aarde. Wie ook al sy naaste kwaad aandoen, sal voor die Here van hemel en aarde verantwoording moet doen (Gen 9:5-6). Niemand op die hele aarde kan onkunde as rede voorhou vir sy misdaad nie.

Ons leer die Here ook ken as die baie geduldige en lankmoedige God. Al het Hy alle rede om met die eerste oortreding teen Hom die oordeel te voltrek, gee Hy nog kans. Elkeen moet hoor dat die Here gaan regspraak. Elkeen kry genoegsame tyd om hom voor die Here te bekeer. En wanneer die Here op die bestemde tyd die oordeel voltrek, is daar by niemand twyfel dat dit nodig was nie.

Ons leer ook dat die Here volmaak onpartydig is. Sy spesiale verbondsverhouding met Israel veroorsaak nie dat die oordeel oor hulle sondes ligter is as oor die volke met wie die Here nie 'n verbond het nie. Inteendeel, die verbondsverhouding wat Hy met Israel het, maak hulle soveel meer verantwoordelik voor die Here – hulle het geweet wat die Here verwag en tog het hulle dit verontagsaam. Waar die sonde ook al is, daar moet dit uitgedelg word – of dit nou by Israel is of by die heidene maak nie saak nie.